# *2. DIE OUERHUIS, DIE SKOOL EN OPVOEDENDE ONDERWYS*

## *2.1 INLEIDING*

*Ouerseggenskap in 'n stelsel van onderwysvoorsiening aan Blankes in die provinsie die Kaap die Goeie Hoop kan moeilik bestudeer word as daar nie eers gekyk word na die plek van die huisgesin (i.e. die ouer) en die skool (i.e. die onderwyser) in die opvoedende onderwys van die kind nie. In hierdie hoofstuk gaan onder meer gepoog word om 'n antwoord op die vraag te vind waarom veronderstel kan word dat die ouergemeenskap seggenskap in 'n stelsel van onderwysvoorsiening kan kry. Om die vraag te beantwoord, moet daar gekyk word na die struktuur, taak en die terrein van die ouerhuis en skool, gefundeer vanuit 'n Christelike standpunt. Daar sal ook spesifiek gewys word op die taak en terrein van die ouerhuis en die skool ten opsigte van die opvoedende onderwys van die kind. Voorts sal gepoog word om 'n basis te vind waarop die verhouding tussen ouerhuis en skool behoort te staan.*

## *2.2 DIE OPVOEDENDE ONDERWYSTAAK VAN DIE OUER IN DIE GESINSITUASIE*

*Om die opvoedende onderwystaak van die ouer in die gesinsituasie beter te begryp, word die ontstaan, die struktuur en taak van die huisgesin - wat as gemeenskapstruktuur die eerste en primêre belang het by die opvoedende onderwys van die kind - onder die loep geneem.*

### *2.2.1 **Die ontstaan van die huisgesin***

*God self het die huwelik, waaruit onder normale omstandighede kinders gebore word, ingestel. In Genesis 2:18 het die Here God, nadat Hy die mens (Adam) geskape het, gesê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke". Gesinsvorming is in ooreenstemming met God se skeppingsbedoeling. Na*

*die skepping maar nog voor die sondeval, het die mens (Adam en Eva) van God die opdrag gekry om te vermeerder en te heers oor die skepping, soos blyk uit Genesis 1:28: "En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip". Die mens, in die rol van vader en moeder, is dan ook as 'n verantwoordelike geroepene verplig om, volgens die kultuuropdrag van God, te heers oor die huwelik (Van der Walt en Dekker, 1983 : 92).*

*Wanneer 'n man en 'n vrou in die huwelik tree, is hulle nog net 'huweliksvennote'. Wanneer daar deur aanneming of uit die biologiese vereniging van die huweliksvennote, gelei deur die liefde, 'n kind of kinders bykom, kan daar eers gepraat word van 'n huisgesin. Hierdie intieme liefdesgemeenskap tussen man en vrou vind sy bestemming in die etiese aspek (sien par. 2.2.3). Die geslagtelike vereniging van huweliksmaats en geboortes van kinders dui op die biologiese funderingsfunksie van die huisgesin (Van Schalkwyk, 1981 : 90-91; Schoeman, 1975 : 64).*

*Vir sy opvoedende onderwystaak beskik die huisgesin oor sy eie kenmerkende aard, wese en struktuur wat die ouer as ópvoeder fundeer. Vervolgens sal hierdie aspek van nader beskou word.*

### *2.2.2 Die aard, wese en struktuur van die huisgesin*

*Die huisgesin is 'n natuurlike, Godgegewe samelewingsverband (sien par. 2.2.1). As sodanig is die huisgesin nie 'n Christelike instelling nie. Die nie-Christelike huisgesin toon dieselfde struktuur as 'n Christelike huisgesin. Die onderskeidende kenmerk van die Christelike huisgesin is dat die gesinshoof Christus bely. Die gesinshoof maak seker dat hy en sy huis die Here dien. So 'n huwelik is in sy wese anastaties (Godgerig) (Van der Walt en Dekker, 1983 : 92; Schoeman, 1975 : 134).*

*Die bestemmingsfunksie van die huisgesin is die etiese en die liefdesorg (Barnard, 1984(a) : 195). Die kind het deur God se genade sy lewe en persoonwees aan sy vader en moeder te danke op grond van die liefde wat dié twee mense verenig het. Omdat die huwelik en gesinslewe gebou is op liefde, bestaan daar nie net 'n hegte band tussen man en vrou (die huweliksmaats) nie, maar ook tussen ouer en kind. Die kind word hulpeloos gebore en het sy ouers se liefde, fisiese versorging en beskerming nodig. Reeds van geboorte af versorg die ouers die kind met liefde. Dit is veral die moeder wat opvallende aangetrokkenheid, ongevraagde toenadering en diepgewortelde geneentheid teenoor die kind openbaar. Die verhouding tussen die lede van die huisgesin is sterker en inniger as in die ander samelewingsverbande van die kerk, skool en staat.*

*Vir die Christenouer is ouerskap 'n eer, voorreg en onderskeiding. Op grond van die etiese bestemmingsfunksie van die huisgesin (sien par. 2.2.3) het die ouer in die huisgesin verantwoordelikhede en verpligtinge teenoor die kind. Nie net moet die ouer voorsien in die tydelike behoeftes van die kind nie, maar die kind moet die opvoedende onderwys ontvang. Die ouer, ook die Christenouer as verbondsouer, het dus 'n <u>opvoedingstaak</u> (Barnard, 1984(a) :195).*

### 2.2.3 ***Die ouer en sy opvoedende onderwystaak***

*Soos alle opvoedende onderwys is oueropvoeding en -onderwys histories gefundeer. Oueropvoeding en -onderwys is gerig op die ontsluiting van die kind se aktstruktuur (Van der Walt en Dekker, 1983 : 92). Die ontsluiting van die aktstruktuur dui op die kwalifiseringsfunksie, die logies-analitiese, sowel as ander (kulturele) aspekte.*

*Die opvoeding en onderwys van die kind bly op grond van die etiese bestemmingsfunksie van die huisgesin die eerste en primêre verantwoordelikheid van die ouer. Niemand kan die*

*plek van die ouer ten opsigte van sy opvoedende onderwystaak inneem of hom vervang nie. Die Christenouer se gesag vir opvoeding en onderwys is deur God daargestel (Van der Walt, 1983 : 1; Scholtz, 1973 : 42). Omdat God die bron van alle gesag is, roep God die Christenouer om aan Hom verantwoordelik te wees vir die opvoeding en onderwys van sy kind (Scholtz, 1973 : 18; Schutte, 1984(a) : 12). Die Christenouer se verantwoordelikheid en gesag word verdiep deur die doopbelofte, waar die ouer onderneem het om sy kind in die leer van die verbond te onderrig en te laat onderrig. So kry ouerskap 'n vertikale dimensie (anastaties) wat van onmeetbare betekenis is vir die opvoeding en die onderwys van die kind (Duvenage, 1980 : 1; Thom, 1970 : 163; Eloff, 1982 : 4).*

*Die ouer het dus 'n besondere taak ten opsigte van die ontsluiting van die pistiese funksie (geloof met vaste vertroue in God) by die kind. Dit is juis hier in die geslote kring van die huisgesin waar die kind meer van God moet leer sodat hy die nodige kennis van God kan opdoen en geloof in en vaste vertroue op God kan ontwikkel. Die taak van die ouer is om die kind se geloof te bou en te versterk deur huisgodsdiens, sang, gebed en deur toe te sien dat die kind, hetsy deur kategete of deur die ouer self, onderrig word in die waarhede van die Skrif en die leer van die kerk (Van der Walt en Dekker, 1983 : 93).*

*In sy groot gebod van die liefde roep God die Christenouer nie net tot liefde vir God self nie, maar ook tot liefde vir sy medemens. Hier spesifiek dan liefde tussen ouer en kind. Die opvoedende onderwystaak van die ouer moet ook die ontsluiting van die etiese funksie by die kind insluit. Die etiese funksie is die leidende funksie in die ouerhuis. Daarom behoort die ganse opvoedingshandeling van die ouer onder die leiding van die liefde te staan (vgl. par. 2.2.2). Met die liefde in die huisgesin mag niks haper nie, anders ly die opvoeding en onderwys van die kind*

*daaronder. Die etiese funksie vind sy uitdrukking in die getrouheid van die gesinslede en die natuurlike verhouding tussen ouer en kind is dié van wedersydse liefde (Van der Walt en Dekker, 1983 : 93).*

*Vir doeltreffende opvoedende onderwys moet die regte atmosfeer in die huis geskep word. Die voorbeeld van die ouer is as opvoedende onderwyshandeling belangriker as woorde. As die ouer se gevoelslewe ryk en suiwer is, kry die kind geleentheid om dit as 'n mooi voorbeeld na te volg. Skort daar egter iets met die persoonlike lewe van die ouer, soos waar sedelike beginsels byvoorbeeld slegs as onverbiddelike reëls aan die kind voorgehou word, versteur dit die kind se gemoedslewe (Scholtz, 1973 : 20; Camroodien, 1979 : 21).*

*Elke ouerpaar het die geleentheid om op te voed, te onderrig en om 'n opvoedende onderwyssituasie - waarin die kind in sy totaliteit tot volwassenheid kan ontwikkel - te skep. Ten einde ware en egte opvoedende onderwys in die huisgesin te kan verskaf, word onder meer die volgende vereistes gestel:*

* *Gesag*

  *Die Christenouer aanvaar die beginsel dat reg en geregtigheid (die juridiese modaliteit) deur God gegee is en dat menslike gesag slegs relatiewe, verleende, nie-absolute gesag is. Slegs God het absolute gesag (Schoeman, 1975 : 111).*

  *Gesaguitoefening is nie tirannisering nie. Die verantwoordelike Christenouer sal met veel begrip en takt, liefde, eerlikheid en regverdigheid gesag uitoefen. "Want die Here tug hom wat Hy lief het, ja, soos 'n vader die seun in wie hy 'n welbehae het". (Spreuke 3:1). So sal die ouer wat sy gesagsoptrede met sekerheid, wilskrag en selfvertroue uitoefen, by*

*die kind 'n gevoel van geborgenheid wek en die kind sal agting en respek vir die ouer toon (Scholtz, 1973 : 20; Payne, 1982 : 160-161).*

*Sonder gesag in die ouerhuis is daar chaos en kom opvoeding en onderwys nie tot hul reg nie. Dit is die ouer se opvoedende onderwystaak om bepaalde norme, gegrond op die gesag wat hy van God ontvang het, in die huis te stel en te verwag dat die kind dit sal gehoorsaam. Die opvoedende onderwysverhouding is dus 'n gesagsverhouding en waar gesagserkenning ontbreek, kan daar nie opgevoed en onderrig word nie (Scholtz, 1973 : 20; Payne, 1982 : 160-161).*

* ***Sekuriteit en emosionele stabiliteit***

*Intellektuele ontwikkeling en suksesvolle leer in die huisgesin en in die skool word onder meer bevorder deur die sekuriteit, beskerming en emosionele stabiliteit wat die kind by die ouerhuis ervaar. Wanneer 'n kind séker voel van sy ouer se liefde en ondersteuning, is hy meer gereed vir opvoeding en onderwys en kan hy op sy eie inisiatief eie ontdekkings maak en intellektueel ontwikkel. Hy weet dat sy ouer hom in moeilike tye sal bystaan. Hy het vertroue in sy ouer en het die vrymoedigheid om hom te nader indien hy probleme ondervind. 'n Gevoel van veiligheid en geborgenheid gee aan die kind selfvertroue en moed om die probleme van die lewe met entoesiasme aan te pak en te oorwin. Wanneer die kind nie altyd suksesvol is nie, aanvaar hy dit en verval hy nie in selfbejammering nie (Scholtz, 1973 : 22-23; Williams, 1979 : 25).*

* ***Karaktervorming***

*Die kind se gewoontes, wat deel is van sy latere karakter, word reeds vasgelê voordat skoolplig begin. Die ouer, ten goede of ten kwade, is vir die kind die invloedrykste 'onderwyser' en model, ten goede of ten*

*kwade, van volwassenheid. Die kind boots sy ouer na en wil graag soos sy ouer wees. Die voorbeeld van die ouer is dus van kardinale belang.*

*Gewoontes vorm deel van die kind se karakter. Die aanleer van goeie gewoontes het karaktereienskappe soos stiptelikheid, getrouheid, eerbied, netheid, volharding en eerlikheid tot gevolg (Scholtz, 1973 : 24-25). Godsdiensvorming, die pistiese aspek, moet ook aandag geniet, want dit is die kern van karaktervorming.*

* *Gesindhede en geestelike ingesteldheid, veral teenoor die skool*

*Dit is veral in die huisgesin waar die gesindheid van die kind teenoor die skool, vryetydsbesteding, nuttige staatsburgerskap en volkskultuur grotendeels bepaal en vasgelê word. Die kind volg die ouer se voorbeeld na. As die ouer 'n positiewe gesindheid teenoor opvoeding en onderwys, volkskultuur, vryetydsbesteding en nuttige staatsburgerskap het en dit in die huis uitleef, raak dit ook deel van die kind se leefwyse en siening. Die kind is dan gereed vir beïnvloeding deur ander instansies, byvoorbeeld die skool. Die ouer is dus grootliks verantwoordelik vir die kind se ingesteldheid teenoor opvoeding en onderwys (Scholtz, 1973 : 24 -29; Kruger en Krause, 1974 : 247).*

*Die ouerhuis is die eerste, primêre of oorspronklike samelewingsverband vir opvoedende onderwys. Die ouers het dan ook oorspronklik self al die nodige opvoedende onderwys aan hul kinders verskaf, maar kon in die praktyk nie byhou nie (Fourie, 1973 : 107; vgl. par. 2.2.4).*

### 2.2.4 *Die ouer se beperkte opvoedende onderwysmoontlikhede*

*Namate gedifferensieerde gemeenskappe ontstaan het en daar vir meer beroepe voorberei moes word, het die ouer tot die besef gekom dat hy in die ingewikkelde samelewing nie meer oor die tyd en gespesialiseerde kennis beskik om aan sy kind al die nodige kennis en vaardighede te bied nie. Onderwys en opvoeding het gekompliseerd geword (Kruger en Krause, 1970 : 20). Die skool het as kultuurproduk ontstaan (vgl. par. 2.3.2).*

*Voorafgaande het nou gehandel oor die primêre opvoedingsituasie, dit wil sê die ouerhuis. Die volgende gedeelte sal handel oor die sekondêre opvoeding van die kind in die skool.*

## 2.3 DIE OPVOEDENDE ONDERWYSTAAK VAN DIE SKOOL

### 2.3.1 *Ter inleiding*

*Reeds in die tyd van ou Israel (omstreeks 1500 v.C.) is kinders deur skrifgeleerdes in sinagoges, laerskole en skole van die skrifgeleerdes onderrig (Coetzee, 1963 : 27).*

*Met die Hervorming is dit nodig geag dat elke mens die Bybel moes lees. Met die Franse Rewolusie, met 'gelykheid' as een van die slagspreuke, het onderwys vir elke mens 'n reg geword. Ook met die Industriële Rewolusie het dit wenslik geword dat almal moes kon lees, reken en skryf (Van Zyl, 1950 : 1).*

*Die ouer, wat gou vasgevang was in die tegnologiese ontwikkeling, het besef dat die opvoedende onderwystaak vir hom te omvattend geword het. Hy het besef dat hy hulp nodig het om sy kind te onderrig en die nodige vakkennis en vaardighede aan sy kind oor te bring. Hierdeur was hy verseker dat sy kind sy plek in 'n dinamiese, snel ontwikkelende maatskappy met ingewikkelde strukture kon inneem (Hattingh, 1978 : 10-11). Vergelyk ook in die verband paragraaf 2.3.2.*

*Die breë gemeenskap skep dikwels die indruk dat hulle, omdat hulle kinders het, vanselfsprekend alles van 'kinderopvoeding' weet. Die meeste ouers se kennis van opvoeding en onderwys het hulle egter deur oorlewering van hulle ouers verkry. Daar is dus 'n mate van gebrek aan opvoedende onderwyskennis by baie ouers (Scholtz, 1974(a) : 34).*

*In die skoolonderwys dra die ouers dus 'n deel van hulle werk en roeping aan die skool oor. Enersyds is dit so omdat die ouer self nie ten volle vir sy taak toegerus is en die nodige tyd het nie, en andersyds omdat die onderwyser wel die bekwaamheid daartoe besit (Van Loggerenberg en Jooste, 1966 : 414; Gunter, 1967 : 159; Hattingh, 1978 : 11).*

*Maar wat is die skool? Daar sal vervolgens gekyk word na die ontstaan, struktuur en kenmerke van die skool.*

### *2.3.2 Die ontstaan van die skool*

*Anders as die huisgesin, is die skool nie 'n natuurlike primêre opvoedings- en onderwysinstelling waarvoor daar in die skepping voorsiening gemaak is nie. Die skool is 'n kultuurproduk van die beskawing met 'n spesiale onderwystaak. Die skool verrig die taak omdat dit in 'n ontwikkelende samelewingsverband nie meer van die ouer verwag kan word nie. Die skool het dus tot stand gekom toe die ouer, vanweë 'n gebrek aan gespesialiseerde kennis en tyd, nie meer in staat was om sy kind met die nodige kennis en vaardighede toe te rus om sy lewensroeping te vervul in 'n komplekse gemeenskapslewe nie (Barnard, 1984(a) : 192; Fourie, 1973 : 107; De Villiers, 1941 : 2).*

*Die skool, as die onderwysvennoot van die ouerhuis en soewerein in eie kring, staan in diens van die gemeenskap, maar is nie 'n slaafse dienaar van die gemeenskap nie. Die skool het dan ook 'n eie kenmerkende struktuur (Barnard, 1984(a) : 192).*

### 2.3.3 Die struktuur van die skool

*Die skool is 'n unieke gemeenskapstruktuur of samelewingsverband wat in die loop van die geskiedenis deur die mens gestig is as deel van sy kultuuropdrag (vgl. par. 2.3.1). Die skool is gefundeer in die kultuurhistoriese modaliteitsaspek met kultuurvormende mag as sy funderingsfunksie.*

*Die skool vind sy bestemming in die logies-analitiese funksie, dit wil sê die klem val op die ontsluiting van die redefunksie van die mens, (i.e. leerling). Die analitiese is die leidende of kwalifiserende funksie van die skool. Die eerste en primêre taak van die skool is gevolglik die stigting van 'n onderrigleersituasie waartydens en waarbinne die kultuur van die gemeenskap na die leerling oorgedra word en die kognitiewe, affektiewe en psigo-motoriese vaardighede van die leerling ontsluit en ontwikkel word. Die skool is dus onderwysgekwalifiseerd. Opvoedende onderwys is egter nie primêr die skool se taak nie (Van der Walt en Dekker, 1983 : 96-97; Barnard, 1984(a) : 193).*

*Die skool is primêr 'n plek waar onderrigleer plaasvind. In die skool is daar onderwysers wat onderrig gee, leerlinge wat leer en leerinhoude wat bemeester moet word (sien par. 2.3.4).*

*Die onderwysers en leerlinge is onder meer lede van huisgesinne, lidmate van kerke en burgers van die staat. Hierdie vervlegting van die skool met die kerk, staat en huisgesin, bring mee dat sy besondere aard en karakter met ander gemeenskapstrukture verband hou. Die skool staan in diens van die gemeenskap en moet aanpas by die aard, karakter en behoeftes daarvan (vgl. par. 2.3.1). So moet die gees en rigting van die skool ooreenstem met die gees en rigting van byvoorbeeld die ouerhuis en die kerk (Barnard, 1982 : 2144; Schoeman, 1975 : 64).*

*Die skool is dus 'n unieke, eiesoortige samelewingsverband, soewerein in eie kring, met die primêre doel van opvoedende onderwys op 'n doelbewuste, beplande, georganiseerde en versnelde wyse deur bekwame onderwysers. Die onderwyser, wat opvoedende onderrig gee, verkry 'n selfstandigheid of 'n unieke eiesoortige soewereiniteit wat anders is as dié van die ouer as opvoeder. Die huisgesin en skool staan as soewereine samelewingsverbande gelykwaardig langs mekaar, ofskoon hulle in wese en werkwyse verskillend en ongelyk aan mekaar is. Die skool is en kan nooit 'n verlengstuk, hulpstruktuur of plaasvervanger van die huisgesin wees nie. So het die skool, met die ontplooiing van die Raadsplan van God tot stand gekom as 'n eiesoortige lewensverband met eie kenmerke en eie aard binne hierdie tydelike werklikheid (Van der Walt en Dekker, 1983 : 96; Van Schalkwyk, 1981 : 89).*

### 2.3.4 Kenmerke van die skool

*Die skool beskik as samelewingsverband oor die volgende struktuurkenmerke:*

* **Die skool is 'n onderrig- en leerplek**

  *Die onderrig en leerhandeling binne die skool vind in ooreenstemming met die lewens- en wêreldbeskouing en kultuur van die gemeenskap, plaas (Van Schalkwyk, 1981 : 85). Sien ook par. 2.3.3.*

* **Die skool akkommodeer leerlinge**

  *Sonder leerlinge kan onderwysers nie onderrig gee nie, kan leer nie plaasvind nie en kan die skool nie skóól wees nie. Die mate waartoe opvoedende onderwys op skool tot sy reg kom, word bepaal deur die eie aard van die leerlinge. Die skool se wese word ook bepaal deur die leerlinge se besondere individualiteit. So speel die potensiaal van die leerlinge, die vermoë om te leer en die analitiese funksie (kognitiewe vermoëns) 'n bepalende rol in die uitbouing en die ont-*

*plooiing van die wese van die skool. Dit is die taak van die skool om die ware aard en wese van die kind te ontdek (Van Schalkwyk, 1981 : 85-86).*

* ***Die skool beskik oor 'n onderwyserskorps***
  *Opvoedende onderwys op skool deur middel van onderrig vereis 'n goed toegeruste en bekwame onderwyser. Die kwaliteit van die onderwyserskorps is bepalend vir die sukses van die onderrighandeling (sien par. 2.3.3). Daar word van die onderwyserskorps lewensbeskoulike, vakkundige en professioneelopvoedkundige kennis en kundigheid vereis vir die onderrig van leerlinge (Van Schalkwyk, 1981 : 86).*

* ***Die skool het te doen met leerinhoud***
  *Opvoedende onderwys op skool vind plaas wanneer die onderwyser deur onderrighandeling en leiding die leerling motiveer om bepaalde leerinhoude te bemeester. Om die werklikheid in sy volle omvang vir die leerling te ontsluit word die leerinhoude geselekteer, georden, gesistematiseer en in kurrikulums, vakke en studiekursusse gegroepeer. Leerinhoude word nie net willekeurig gekies nie, maar moet aangepas word by die vermoëns, aanleg en belangstellings van die leerling (Barnard, 1984(a) : 194).*

* ***Die skool is doelgerig***
  *Die skool is gestruktureer vir 'n onderwysdoel en dié doel moet bereik word. In die skool moet die kind opvoedend onderrig word. Sodoende kan die kind optimaal toegerus word om sy besondere kultuurmandaat binne sy leefwêreld te verwerklik (Van Schalkwyk, 1981 : 87).*

*Die onderwysdoelstelling moet voldoen aan die eise van die bepaalde lewens- en wêreldbeskouing van die kultuurgroep. Uit 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing kan daar onderskei (maar nie geskei) word tussen onmiddellike (nabysynde), verwyderde en uiteindelike (einddoel) doelstellings (Coetzee, 1965 : 210-211).*

*Die onmiddellike doelstelling vir opvoedende onderwys kan ook die mylpaal op die opvoedkundige én lewensweg van die kind genoem word. So stel die skool hom onder andere ten doel om die kind te onderrig en te leer om aan te pas by sy fisiese omgewing en om sy liggaam te versorg en in stand te hou. As nabysynde doel streef die skool ook na die geestelike versorging, vorming en ontwikkeling van die kind (Coetzee, 1965 : 210-214).*

*Die verwyderde doelstellings van die skool is om die kind te onderrig en te leer om sekere hoogtes in sy lewe te bereik. Die kind moet gelei word tot die verwerwing van kennis en die soeke na die waarheid. As verwyderde doelstellings in opvoedende onderwys word onder andere die etiese versorging, vorming en ontwikkeling van die kind bedoel (sien par. 2.2.3).*

*Dit is ook die doel van die skool om die kind te lei tot kennis en waardering van en liefde vir die skone. Uit 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing is God die bron van die skoonheid in die skepping. Die kind moet gelei word om die skone - wat God in sy medemens en in die hele skepping gelê het - te sien en te waardeer (Coetzee, 1965 : 210-218).*

*Niemand is waarlik opgevoed indien hy nie deur sy opvoeding 'n vaste, goed gefundeerde en wetenskaplik geordende lewens- en wêreldbeskouing besit nie. Reeds van kleins af moet die kind geleer word om te dink oor die raaisels van die lewe, oor die wondere van die*

*skepping en oor die almag van die Skepper (Coetzee, 1965 : 218-219). Net soos die onmiddellike doelstellings, lei die verwyderde doelstellings tot die uiteindelike doelstelling.*

*Die einddoel van opvoedende onderwys lê vir die Christenonderwyser in die bestemming van sy lewe. Vir die Christenonderwyser is God die einddoel van sy lewe en ook die einddoel van opvoedende onderwys. Die vrese van die Here is vir die mens die hoogste doel van sy lewe en opvoeding. Dit word alleen gevind by die mens van God wat volkome toegerus is vir elke werk. Die Christenonderwyser is dan ook geroepe om te sorg vir die waaragtige religieuse versorging en ontsluiting van die kind (Coetzee, 1965 : 220-222). Vergelyk ook paragraaf 2.2.3.*

* ***Die skool is 'n doeltreffend geadministreerde gemeenskapstruktuur***

  *Daar is 'n groot aantal mense en gemeenskapstrukture wat moet saamwerk om die skool in staat te stel om die doel en funksie waarvoor dit gestruktureer is binne 'n bepaalde beperkte tyd (ongeveer 12 jaar), te verwesenlik. Daarom is dit nodig dat die skoolwerksaamhede so doeltreffend moontlik geadministreer word. Die volgende is enkele administratiewe handelinge: beplanning, organisering, finansiering, personeelvoorsiening, bepaling van werksprosedures en beheeruitoefening.*

*In die lig van die voorafgaande struktuurkenmerke van die skool kan die volgende beknopte definisie van die skool voorgehou word: "Die skool is as 'n samelewingverband en kultuurvervlegte verband, 'n onderrig- en leerplek met 'n eie besondere vryheid wat op 'n eiesoortige geadministreerde en versnelde wyse, doeltreffend en doelgerig leerlinge pedagogies, onder leiding van beroepsopvoeders, aan die hand van leerstof ontsluit." (Van Schalkwyk, 1981 : 89).*

*Soos reeds aangedui in paragraaf 2.3.2 is die skool 'n kultuurproduk wat sy ontstaan te danke het aan die wens, veral van die ouer van die kultuurgemeenskap, dat gespesialiseerde kennis en vaardighede aan die kind oorgedra word. Die ouerhuis en die skool is betrokke by die opvoeding en onderwys van die kind. Daar sal voorts gepoog word om 'n basis te vind waarop die verhouding tussen ouerhuis en skool moet staan (sien par. 2.1).*

## 2.4 OUERSEGGENSKAP IN OPVOEDENDE SKOOLONDERWYS

### 2.4.1 Ter inleiding

*Ouerinspraak en -seggenskap in die onderwys word kragtens die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid. (1967, artikel 2) soos volg verskans: "dat aan die ouergemeenskap 'n plek in die onderwysstelsel toegeken moet word deur middel van ouer-onderwyserverenigings, skoolkomitees, beheerrade of op 'n ander wyse,".*

*Die onderwyserskorps sluit daarby aan as hulle in hul professionele erekode, daargestel deur die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes (1983 : 28) onomwonde verklaar dat die onderwyser: "streef na hartlike samewerking met die ouers van die leerlinge wat onder sy sorg is; en doen alles moontlik om die ouerlike gesag te handhaaf, om die vertroue van die leerling in sy ouerhuis te bevorder om die ouers voldoende op die hoogte te hou met betrekking tot die vordering van hul kind."*

*Daar sal vervolgens aandag gegee word aan die knoopstrukture tussen skool en huisgesin.*

### 2.4.2 Knoopstrukture tussen skool en huisgesin

*Bepaalde knoopstrukture is nodig om die skool en die huisgesin aan mekaar te bind. Die knoopstrukture, byvoorbeeld*

skoolkomitees, beheerrade, skoolrade en adviesrade, word saamgestel uit verkose lede van die ouergemeenskap (vgl. figuur 2.1).

Figuur 2.1 **Knoopstrukture tussen die huisgesin en die skool**

| | |
|---|---|
| HUISGESIN | Onderwysbelanghebbende struktuur |
| SKOOLKOMITEES, BEHEERRADE ADVIESRADE, ENSOVOORTS | Knoopstrukture |
| SKOOL | Onderwysgekwalifiseerde struktuur |

Die knoopstruktuur, byvoorbeeld die skoolkomitee, gee gestalte aan die verknoping van die opvoedende onderwysbelange van die huisgesin met die skoolonderwys. Die knoopstrukture tussen die huisgesin en die skool is kultuurhistories gefundeer (vgl. hoofstuk 3 en 4) en streef na dieselfde doelwitte as die skool en gesin. Die knoopstrukture poog om die belange van elke kind te beskerm en te bevoordeel en streef na volledige en gebalanseerde opvoedende onderwys (Barnard, 1982 : 2145-2146).

Soos dit blyk uit die struktuuranalise van die skool en ouerhuis wat reeds in paragrawe 2.2.2 en 2.3.3 onderskeidelik bespreek is, is die skool en die ouerhuis bondgenote met een gemeenskaplike doel - die opvoedende onderwys van die kind. Die kind is nie net die ouer se kosbaarste besitting en voorwerp van liefde nie, maar verkry ook die onderwyser se belangstelling en liefde (Barnard, 1982 : 2145-2146).

*Samewerking tussen ouerhuis en skool kan tot voordeel van die opvoeding en onderwys van die kind wees mits die vennootskap tussen ouerhuis en skool op 'n gesonde basis berus. Ouers en onderwysers hoef dus nie meer wantrouig te staan wanneer pogings aangewend word om nouer kontak, samewerking en kommunikasie tussen ouers en onderwysers te bewerkstellig nie (Barnard, 1981 : 297).*

### 2.4.3 *Samewerking tussen ouerhuis en skool*

*Die taak van die skool is nie om die ouerhuis te vervang nie, maar om voort te bou op die grondslag wat in die huis gelê is. Hiermee hang saam dat die skool die kind se opvoeding bevestig en uitbou (sien par. 2.3.3). Die sukses wat die skool met die kind behaal, hang in 'n groot mate af van die fondament wat in die ouerhuis gelê is en die ondersteuning en samewerking wat die skool van die ouers van leerlinge ontvang (Gunter, 1967 : 159; Barnard, 1981 : 297; Thom, 1970 : 163).*

*Ouers het ook die reg, op grond van die doopbelofte, om die gees en rigting van die skool te bepaal (Scholtz, 1973 : 45). So mag die Christenouer eis dat die skool waaraan sy kind studeer 'n Christelike skool moet wees. So kan die skoolkomitee of beheerraad, as verteenwoordiger van die ouer, toesien dat die onderwysers wat aangestel word in 'n Christelik-nasionale skool, 'n Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing het (Schutte, 1981(b) : 2).*

*Opvoedende onderwys is kontinue handeling; dit is nie net tot die skool beperk nie. Dit loop deur die hele lewe van die kind en begin reeds in die ouerhuis. So word die skool ook gebind deur die doopbelofte deur die ouers afgelê, wat lui: "Beloof u en is dit u voorneme om hierdie kind van wie u die vader en die moeder is in dié leer na u vermoë te onderrig of te laat onderrig?" God eis dit van die ouer en die ouer kan dit insgelyks van die skool verwag. Die skool gee vir dieselfde kind, wat uit 'n Christelike ouerhuis*

*kom, onderwys en daarom behoort die onderwys in lyn te wees met die gees en rigting van die ouerhuis; dit wil sê die onderwys moet die doopbelofte gestand doen (Thom, 1970 : 163; Barnard, 1981 : 297).*

*Vir 'n gesonde vennootskap tussen ouerhuis en skool behoort daar sinvolle kommunikasie te wees. Die vennootskap tussen ouerhuis en skool moet onder andere gegrond wees op die volgende:*

- *'n Aanvaarding van die eiesoortigheid van elkeen se opvoedende onderwysterrein is essensieel. Die skool en die ouerhuis het elkeen sy eie terrein, en die soewereiniteit in eie kring (soos reeds bespreek in par. 2.3.3) moet erken en gehandhaaf word. Daar moet begrip wees vir mekaar se probleme. Ouerskap is veeleisend en die ouer is in menige opsigte onseker oor sy opvoedende onderwystaak en verantwoordelikheid. Aan die ander kant sal die regdenkende ouer ook besef dat onderwys 'n hoogs gespesialiseerde taak is wat al hoër eise aan ouer én leerling stel.*

  *Deurdat die skool en die ouerhuis by mekaar aansluit, moet daar vir gesonde opvoedende onderwys wedersydse vertroue in mekaar wees. Dit is noodsaaklik dat die skool en ouerhuis voortdurend sal saamwerk. Deur kommunikasie kan misverstande uit die weg geruim word.*
- *Daar behoort ook wedersydse respek en agting tussen die onderwyser en ouer te wees. Dit is noodsaaklik dat die ouer en die onderwyser mekaar se andersheid, d.w.s. mekaar se individualiteit, sal respekteer. Van die ouer word verwag om agting en respek te betoon vir die taak van die onderwyser en dan sy kind dienooreenkomstig te beïnvloed. Die onderwyser behoort hierop te reageer deur te poog om hierdie respek waardig te wees deur op alle lewensterreine 'n navolgenswaardige voorbeeld te stel, veral deur die kwaliteit van sy daaglikse werk (Barnard, 1981 : 297-298; Mostert, 1979 : 7).*

* *Aangesien die ouer deur die knoopstrukture soos skoolkomitees en beheerrade die gees en rigting van die skool help bepaal, behoort hy ook toe te sien dat dit positief uitgeleef word. Daar word egter ook van die ouer verwag om die gesag in die skool blymoedig te aanvaar. Die ouer mag nie die goeie orde van die skool versteur nie. Hy behoort eerbied te betuig en respek te betoon vir die onderwyspersoneel en ook die onderwyser as professionele opvoeder te erken (Barnard, 1982 : 2157).*
* *Openhartigheid tussen ouerhuis en skool is die ideaal. Die ouer en die onderwyser behoort die vrymoedigheid te hê om met mekaar in gesprek te tree oor aangeleenthede wat die wel en wee van die kind raak. Die ouer moet nie voel dat openhartigheid sy kind sal benadeel nie. So kan die onderwyser nie sy dagtaak verrig met die gevoel dat die ouer sy werk voortdurend onder 'n vergrootglas bekyk nie. Baie onnodige en tydrowende misverstande kan uit die weg geruim word deur eers na die ander kant van die saak te luister.*
* *Eerlikheid tussen die onderwyser en ouer is 'n vereiste. Dikwels weerhou die ouer belangrike inligting van die onderwyser - inligting wat die onderwyser in staat kon stel om die probleem op te los en die kind doeltreffend te kan onderrig. Aan die ander kant wil die ouer eerlike antwoorde oor byvoorbeeld die vordering van sy kind van die onderwyser ontvang.*
* *Die skool en die ouerhuis behoort opreg en daadwerklik belang te stel in mekaar. Dan sal die skool nie teleurgesteld wees as ouers nie hul skool se sportbyeenkomste bywoon of as ouers nie opdaag vir die verkiesing van die skoolkomitee of beheerraad nie.*

*Aan die ander kant is dit vir die ouer belangrik dat die onderwyser hom by sy huis kom besoek. 'n Roepingsbewuste onderwyser sal elke moontlike geleentheid benut om skakeling te hê met die ouerhuis (Barnard, 1981 : 297-298).*

## 2.5 SAMEVATTING

*In die hoofstuk is die volgende gevolgtrekking gemaak:*

* *Die ouer is en bly primêr verantwoordelik vir die opvoedende onderwys van sy kind. Die skool daarenteen is primêr 'n onderrig-leerplek. Vandag kan die ouer self nie meer aan sy kind op doeltreffende wyse onderwys en opvoeding gee nie. Daarom behoort die skool as primêre onderrigleerplek nie net aan die kind intellektuele opvoeding en onderwys te gee nie, maar behoort die lewensopvatting van die ouer ook deur die skoolgemeenskap uitgebou te word. Die skool is dus 'n gesagsinstituut waar die gesinsmilieu voortgesit moet word (Kruger en Krause, 1974 : 252-253);*
* *Verder is opvoedende onderwys verantwoordelike werk met 'n ewigheidsbetekenis. Die Christenouer is direk gebind aan die doopbelofte en die Christenonderwyser indirek. Die ouer en onderwyser het dus 'n verhewe doel in die opvoeding en onderwys van die kind.*
  *Christelike opvoeding het ten doel om die kind te lei tot God en sy handeling te rig op God. Opvoeding en onderwys moet in die volle besef van die noodsaaklikheid en erns daarvan gedoen word (Van der Walt, 1983 : 3);*
* *Daar is gekyk na die taak en terrein van die ouerhuis en skool in die opvoedende onderwys van die kind. Dit blyk dat elkeen sy eie terrein het en soewerein in eie kring is, maar dat hulle terreine so vervleg is dat daar sprake van oorvleueling is. Die skool en ouer-*

*huis moet mekaar help, aanvul en 'n verenigde front kan vorm in die opvoeding en onderwys van die kind, om sodoende die opvoedende onderwyshandeling tot sy reg te laat kom. Vergelyk paragraaf 2.3.3;*

* *Daar is ook gekyk na maniere van samewerking tussen ouer en onderwyser om sodoende opvoedende onderwys ten volle tot sy reg te laat kom. Dit sou ook ouerskap en onderwys, ten opsigte van opvoeding, ware roepingsvervulling maak (vgl. par. 2.4.3). Ongelukkig bestaan die harmonie tussen ouer en onderwyser nie ten volle nie en sal daar in hoofstuk vyf meer aandag aan hierdie vraagstuk gegee word.*

*In die volgende hoofstuk sal daar gekyk word na die historiese ontwikkeling van ouerseggenskap in die stelsel van onderwysvoorsiening aan Blankes in die provinsie die Kaap die Goeie Hoop.*